Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-01-25

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 3/2023

Interhuis-Atletiek

1. **Vrydag 27 Januarie:** Die velditems vir alle o/5 tot o/14 atlete, sal Vrydag op die Stulting sportveld plaasvind. Alle grondslagfase leerders neem terselfdertyd aan hul eie "*spesiale items*" deel. Leerders moet om 07:30 in hul sportdrag skool toe kom. Alle items begin om 08:00. Die leerders sal om 12:00 verdaag. Let asb. daarop dat die ***diskus en spiesgooi*** na afloop van die velditems Vrydag sal plaasvind.

2. **Maandag 30 Januarie:** Alle baanitems vir atlete (o/5 – o/14) vind plaas op Maandag, 30 Januarie, by Hoërskool Nico Malan. U kind moet asseblief, geklee in hul atletiekdrag, direk na Nico Malan geneem word, waar hy/sy by hul onderskeie onderwyseresse moet aanmeld om 07:00 by die pawiljoen. U kan u kind na afloop van die byeenkoms om 14:10 by Nico Malan oplaai.

3. **Departement van Gesondheid (Masels / Tetanus / HPV):** Die NDvG besoek die skool op 6 Februarie om die nodige inentings / tablette ens. aan die volgende leerders te voorsien: Masels (Gr. R-7), Tetanus (Gr. 5) en HPV (Gr. 5 – dogters). Leerders ontvang 'n inligtingstuk en toestemmingsbrief wat deur die ouers ingevul moet word en skool toe gestuur moet word voordat enige dienste voorsien kan word.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF